



Gemeente, ons as dagbestuur wil graag vir u terugvoer gee en op hoogte hou wat tans besig is om te gebeur in ons gemeente.

Soos u tans weet is ons besig met ons visioneringsproses waar ons fokus op die volgende aksies wat ons volgende jaar op wil fokus nl.

- **Jeug en gesinne**
- **Betrokkenheid en Verhoudings**
- **Woord, Musiek en Gebed**
- **Uitreike**
- **Bestuur van die Gemeente (waarby ondersteuning en instandhouding ingesluit is)**

Die gedagte is dat u as gemeente u roeping en gawes sal ontdek en vra waar die Here u wil gebruik en by watter aksie u kan kom inskakel en saam kan droom.

Jeug en gesinne

Daar het al 'n Aksiespan begin vorm wat saam begin droom het. Daar is tot dusvêr besluit dat ons moet ondersoek instel op die volgende gebiede vir volgende jaar.

- **Toerusting geleentheid en sprekers** (ouers help en insig oor die vorming en grootmaak van hulle kinders)
- **Die ondersoek na nuwe kategetiese materiaal wat meer effektief en koste-effektief aangewend kan word**
- **Die besoek van ander gemeentes om te gaan kyk hoe rig hul, hul tyd op Sondag en in die week in om hul jeug en gesinne te bereik.**
- **Navorsing oor Millenials (24-41 jariges), hoekom kerk absoluut word vir hulle en wat kan ons daarom doen om die groep mense te bereik.**
- **Hoe kan ons tans die bediening wat ons het (Voorskool, Laerskool, Hoërskool, en Jong volwassenes) beter doen.**
- **Hoe kan ons ouers help en bystaan.**
-

Onder die groepe gaan taakspanne saamgestel word om so effektief as moontlik te implementeer dat ons, ons jongmense werklik in die wee van die Here te kan grootmaak en Bybelse waardes kan leer, maar die belangrikste dat hulle in 'n verhouding met Jesus Christus hul verlosser kan groei.

Vriende as u saam oor die sake wil kom droom en help en implementeer asb kontak vir Susan Fourie.

Betrokkenheid en Verhoudings

Die aksiespan het ook al tweemaal bymekaar gekom om te hoor wat dit is wat God van ons vra. By die eerste geleentheid is besluit dat ons weer na die strukture van die gemeente moet gaan kyk. Hennie du Preez is ingeroep om vir ons 'n kaart van die dorp te kry, en toe het Anita vir ons die adres lysie van al die gemeentelede verskaf. Die

aksiespan is besig om die adresse op die kaart te plot, sodat die groeperings van gemeentede sigbaar kan word. Dan gaan daar vir elke ± 10 huise 'n persoon gesoek word wat in 'n 6 maande siklus die 10 huise in hulle omgewing net moet opvolg en kommunikasie moet deurgee om seker te maak alles is wel in orde. Daar moet strukture in plek gesit word vir kommunikasie van die kerkkantoor na die gemeentede maar ook weer van die gemeentede na die kerkkantoor. By die aksiespan gaan daar ook gefokus word om taakspanne op die been te kry wat:

- **Besoek gaan aflê by nuwe intrekker**
- **Besoek gaan aflê by mense wat versorging nodig het**
- **Siekebesoeke**
-

Die Aksiespan gaan ook 'n taakspan **Kommunikasie begin** wat inligting in die kuierarea gaan deur gee en op kreatiewe manier, met die verskillende mediums in ons gemeente, met u as gemeente lede te kommunikeer.

As die Here dit op u hart skryf om by een van die taakspanne betrokke te raak skakel asb. vir Leon Koekemoer of Jacques Malan.

Woord, Musiek en Gebed

Die aksie span bestaan uit:

Woord

- **Eredienste (oggend, aand, gesinsdienste en ander bv, piekniek, sterrediens ens.)**
- **Kleingroepe**

Erediens

- **Sakramente (Nagmaal en Doop)**
- **Kollekte**
- **Verloop van die erediens**
- **Kuns en blomme**

Musiek

- **Lothar – orrel**
- **Daleen Vorster – Klavier en musiekgroep**
- **Jimmy Steele – Leier van musiekgroep**

Gebed

- **Interkerklike gebedsgeleentheid (dorpsaangeleenthede)**
- **Gebed voor dienste vir gemeente en dienste**
- **Gebed by skole vir jeug en gesinne**
- **Ander gebedsgeleenthede**

As u die Here dit u op die hart lê om by een van die taakspanne betrokke te raak skakel asb vir Fanus vd Walt.

Uitreike

Die aksie span uitreike wat verantwoordelik gaan wees vir alle aksies wat buite die gemeente se hekke gebeur gaan afgekondig word Sondag 9 September.

As u die Here dit u op die hart lê om by die aksiespan betrokke te raak skakel asb vir Pieter Prozesky.

Gemeente bid vir God se leiding vir ons gemeente sodat ons God se Koninkryk sal leef en verkondig.

Groete in Christus

Dagbestuur van die Gemeente Hulp & Hoop